

Inhoud Hierdie preek wys dat Jesus Christus, die Seun van God as mens gebore is om die kerk se Sterk Verlosser te wees. Die Here is nie swakkellinge, sosiaal wanaangepastes, innerlike gekrenktes of politieke onderdruktes se Sterk Verlosser nie. Hy is ook nie Sterk omdat Hy mense breek en aan sy Almag onderworpe en ondergeskik maak nie. Hy is die sterk Verlosser omdat Hy sondaars wat sterk is in hulle sonde, sterk maak in hulle diens en liefde aan God. Sondaars se krag is hulle oog waarmee hulle alles wat goed is donker maak, alles waar liefde is en moet wees sien as sondige begeertes. Die Here word sy kinders se Lig omdat Hy hulle insluit en laat deel in sy heiligheid en regverdigheid as mens en vir hulle die gestrafte sondaar te word. So heilig God hulle en hul liefde vir Hom. 'n Liefde waarin hulle weer sondigheid as donkerte kan herken en liefde as lig.

Liturgie. 1. 358: 1-3; 349: 1, 3, 4; 364: 1-3; 365: 1-3;
2. 348: 1-3.

Skriflesing. Jesaja 8: 19 – 9: 6; Lukas 1: 26 – 37; 1: 67 -79; 2: 1-7; Matt. 6: 22, 23.

Teks Lukas 1: 69 “n Sterk Verlosser het Hy vir ons laat opstaan uit die huis van sy dienaar Dawid.”

Tema: Christus is die sterk Verlosser wat sterk sondaars sy sterk kinders maak.

1. Kersdag is die geboortedag van die Sterk Verlosser!

Dit is die dag waarop God self sy volk besoek het om vir hulle verlossing te bewerk!
Dit is wie Jesus Christus is wie se geboorte Sagaria in hierdie loflied besing. Jesus Christus is die Sterk Verlosser wat vir die volk van God verlossing bewerk!

Hoe sterk is hierdie Verlosser?

Hoe sterk hierdie Verlosser is, word geopenbaar deur dit waarvan Hy die volk van die Here moet verlos en wat se tipe werk Hy moet doen om hulle te verlos.

Dit tipe werk wat die Here Jesus moet doen om die volk van die Here te verlos, is om hul sondes so te vergewe dat hulle vir God heilig en regverdig is en wíl wees. Dit is hoe dit in verse 75 en 78 aangekondig word.

So sterk dat Hy sondaars mense maak wat vir God heilig en regverdig is en wíl wees.

2. Jesus Christus is nie die held van patetiese en versukkelde mense nie. Sulke mense het nie 'n sterk Verlosser nodig nie. Hulle kan van enige iemand hulle held maak.

Christus is die sterk Verlosser wat sterk sondaars sy sterk kinders maak

Dit is hoe die blye boodskap oor Jesus as Verlosser al meer en meer aan die moderne mense verkeerdelik voorgehou word. Dit is hoe dit op baie kansels vanoggend wêreld wyd gepreek word. Hulle hou verkeerdelik voor dat dit Jesus se werk was om vir versukkelde mense as Verlosser te gekom het.

- Mense wat sosiaal wanaangepas is en nie deel is van die gewone gemeenskap nie;
- Mense wat in hulle menswees gekrenk is en nie neer deel van die gevoelswêreld van heel mense is nie;
- Mense wat liggaamlike gebreke het en sukkel om oor die weg te kom;
- Mense wat verarm is en 'n oorlewingsbestaan voer en
- Mense wat uitgesluit is van die mag en selfbeskikking van invloedryke mense.

Om hierdie doel van Jesus se geboorte, koms en werk uit die Bybel te regverdig, haal hulle dan die woord van die Here aan waarmee Hyself sy werk as Verlosser aangekondig en verduidelik het in Nasaret, in Lukas 4;

“Hy het ook in Nasaret gekom, waar Hy groot geword het, en soos sy gewoonte was, het Hy op die Sabbatdag na die sinagoge toe gegaan. Toe Hy opstaan om uit die Skrif voor te lees, is die boek van die profeet Jesaja vir Hom aangegee, en Hy het dit oop gemaak en die plek gekry waar geskrywe staan; “Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating van gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdrukte in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig.” (Jes. 61: 1-2; 58:6)

Hierdie aanhaling word gebruik om die opvatting te regverdig dat dit hier oor swak, patetiese, versukkelde, afhanklike en armsalige mense gaan. Dit is hoe jy moet wees om deur die Here verlos te word. Dit is waarvoor die Here gekom het: om vir sulke mense te help. Hy moet hulle help om nie geminag, verstoot, misbruik of uitgebuit te word deur mense wat sterk is nie.

Dit is dan die Here se groot vyande as jy Hom op hierdie skewe manier as Verlosser sien. Die mense wat in hulle self innerlik sterk, self selfversekerd, gebalanseerd, gesond, ondernemend, suksesvol en invloedryk is, is die Here se vyande.

3. Hoe sterk Verlosser het mense nodig wat hulle self sien en glo as swak, pateties, afhanklik en wanaangepas?

Sulke mense het nie 'n Sterk Verlosser nodig nie. Enige iemand kan hulle held wees.

In hulle afhanklikheid sal hulle enige een wat enige iets aan hulle beloof as hulle Verlosser aanvaar. Hulle magteloosheid maak dat hulle nie eintlik regtig 'n keuse het

Christus is die sterk Verlosser wat sterk sondaars sy sterk kinders maak

oor wie hulle Verlosser moet wees nie. Enige een wat vir enige van hulle belange opkom, is vir hulle 'n heldefiguur.

Daarom hoef hulle regtig nie 'n Sterk Verlosser te hê nie. Mense wat hul self sien en glo as swakkeling, patete, afhanklikes en ondergeskiktes kan van enige iemand hul held maak. Hy hoef regtig nie heilig te wees nie en Hy hoef regtig ook nie hierdie mense regverdig en heilig te maak nie.

Daarom moet ons goed hoor wie is Jesus in die loflied van Sagaria. Hy is nie die nuwe heldefiguur vir die swakkeling en wanaangepastes van die gemeenskap nie.

Hy is die Sterk Verlosser van die volk van die Here.

4. Is Jesus die Sterk Verlosser omdat Hy gekom het om die mense wat sterk en selfstandig in hulle self as mense is, te breek?

Is Jesus die Sterk Verlosser omdat Hy gekom het om mense in hulle menswees te breek en te krenk?

Sou Jesus só die Sterke wees, dan beteken dit dat Hy sterk mense inbreek om hulle self aan Hom oor te gee en te onderwerp. Dan is Jesus net nog 'n profeet van "Allah" en is Jesus se volgeling niks anders as "Moslems" nie. Want Moslem beteken hulle wat deur die mag en krag van Allah onderwerp is om die "onderworpenes" te wees. Ingebreek deur die krag en mag van God om God se ondergeskikte onderworpenes te wees.

Dit is hoe Jesus vandag ook verkeerdelik as die Sterk Verlosser van baie kansels af verkondig word. Hy het gekom om mense in te breek en te onderwerp. Dit hoor 'n mens al meer en meer van mense wat verkeerdelik glo hulle getuig vir God wanneer hulle vertel hoe God hulle gebreek het.

- Hulle vertel dat God hulle verlos en gered het toe God hulle arm gemaak het. Toe God al hulle geld en eiendom van hulle weg gevat het, het hulle gebreek in hulle hoogmoed, eiegeregtigheid en selfsugtigheid. Toe God hulle arm gemaak het, het hulle hul lewe en hart vir God gegee.
- Hulle vertel dat God hulle verlos en gered het toe God hulle siek gemaak het. Toe God hulle gesondheid weggeneem het, het God hulle in hulle selfgenoegsaamheid, onsedelikheid en onreinheid gebreek. Toe God hulle siek gemaak het, het hulle God in die beheer van hulle lewe gestel.
- Hulle vertel dat God hulle verlos en gered het toe God hulle aan 'n korrupte en godlose regering onderwerp het en al hulle selfbeskikkende mag weggevat het. Toe God hulle aan die wil van 'n goddelose owerheid onderwerp het,

Christus is die sterk Verlosser wat sterk sondaars sy sterk kinders maak

vertel hulle, het God hulle haat, vyandskap, woede en verdeeldheid gebreek en nou het hulle God en almal lief in hierdie nuwe onderdanige insiklikheid met alles en almal.

- hulle vertel dat God hulle verlos en gered het toe Hy hulle veroordeel het, aangekla het, beskuldig het en só voor Hom gebroke mense gemaak het wat hulle self geminag en verwerp het.

5. Wie is hierdie Jesus wat so sterk en kragtig is dat Hy mense breek om hulle te verlos? Dat Hy mense verneder, afhanklik maak, pateties maak, insiklik met alles en almal maak, versukkeld maak?

Dit is niks anders as 'n brutale, vergeldende en wrede God nie!

Is dit die Jesus wat op hierdie dag gebore is as heilige mens, sodat Hy as die Heilige God, sondaar in hulle liefde vir Hom heilig en regverdig kan maak?

Dink U dit was vir die Here nodig om uit die maagd Maria gebore te word, om mense in te breek en aan sy wil te onderwerp? Dink U dit was vir God nodig om in Bethlehem as mens gebore te word om sondaars met sy oordeel en aanklagte te breek? Vir Hom wat self God is, is dat totaal onnodig om as mens gebore te word, om mense met sy mag en krag as God in te breek en aan sy wil te onderwerp.

Daarom moet ons 'n baie groot verskil kan maak tussen die Voorsienigheid waarmee Jesus, die seun van die Allerhoogste Vader alles in sy skepping regeer en die Verlossing van sonde!

Die krag waarin en waardeur die Here alles regeer en volgens sy wil laat gebeur noem die Woord van die Here God se voorsienigheid. Oor hierdie Voorsienigheid van God weet ons dat God sy kinders alle goeie dinge skenk en alles wat sleg is wat Hy in hulle lewe beskik, vir hulle so beskik, dat dit vir hulle ten goede gebeur.

In sy Voorsienigheid het die Here nog nooit sy krag gebruik om sy kinders as mense te breek, in te breek en aan Hom te onderwerp, ondergeskik en insiklik te maak nie.

6. Jesus Christus is die Sterk Verlosser vir sterk mense!

Sterk mense wat verlos moet word, nie gebreek moet word nie! Jesus Christus het gekom om sterk mense te verlos, nie swakkeling en patete nie. Jesus Christus het gekom om mense wat kragtig in hulle sonde is, sterk te maak in sy diens!

Hoe sterk mense in hulle sonde is, wys die Here vir ons in Matteus 6 vers 22 met hierdie woorde: "Maar as die oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees. As die lig in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie."

Christus is die sterk Verlosser wat sterk sondeers sy sterk kinders maak

Die kinders! Het julle al van so iets gehoor? 'n Flits waarmee jy lig kan donker skyn? Dit is eintlik 'n grap, maar die Here wys dit is regtig so! Mense gebruik flitse in hulle lewe waarmee hulle die lig met donkerte weg skyn! Waarmee hulle alles wat lig is donker maak!

Hierdie flits noem die Here die oog van die mens. Dit is die manier waarop mense na die God, die wêreld en mense kyk. Die Here het alles goed en reg gemaak. Die Here het alles so gemaak dat ons vir mekaar en die wêreld goed kan wees. (Gen. 1) Maar toe kry die mens hierdie oog! Wanneer die mens met hierdie oog na iets kyk, dan vat hulle die liefde van die Here weg en sien hulle net wat hulle sondige begeertes vir hulle wys.

Wanneer mense so kyk, om iets vir sonde te begeer, dan glo die mense dat hulle nou leef in die lig! Hulle sien wat hulle graag wil hê en doen! Hulle kan nie meer sien wat is regtig liefde nie! Liefde wat reg is en liefde wat volkome is, word donker en wat mense begeer word helder en duidelik!

Die lig in hulle is 'n donker flits! Dit is hoe sterk mense in hulle sonde is. Hulle sien begeertes waar liefde moet wees, die lig van liefde word vir hulle iets donkers en die donker van hulle begeertes word vir hulle die lig waarin hulle wil leef.

Dit is hoe sterk mense in hulle sonde is. Met hulle oog kan hulle alles wat liefde is, donker maak en alles wat donker begeertes is, liefde maak!

7. Sulke sterk mense het 'n sterk Verlosser nodig!

Wat moet hierdie sterk Verlosser doen?

- Hy moet hulle verander van mense wat donker begeertes sien en glo dit is ware liefde, na mense wat donker begeertes as sonde kan raaksien!
- Hy moet hulle verander van mense vir wie liefde vir God en mense 'n donkerte is waarin hulle niks kan raaksien wat goed en reg is nie, na mense wat in die liefde wat God gee en die liefde wat God eis, alles wat goed en reg is, kan raaksien.

Hoor weer wat sê Sagaria in sy loflied oor die Here Jesus as die Sterk Verlosser in verse 78 en 79:

“Soos die moeson sal Hy opgaan en uit die hoogte op ons afstraal, om lig te bring aan dié wat in die duisternis en die skaduwee van die dood lewe, om ons voetstappe te rig op die pad van vrede!” Sagaria is hier besig met 'n aanhaling van Jesaja 9. Dit is hoe die profeet Jesaja die koms van die Christus as Here aangekondig het in

Christus is die sterk Verlosser wat sterk sondaars sy sterk kinders maak

Jesaja 9: “Die volk wat in die donkerte geleef het, het ’n groot lig gesien, oor die wat in die donker land was, het ’n lig geskyn.”

’n Verlosser wat so sterk is dat Hy mense wat in hulle sonde sterk is, kan verander na mense wat in hulle liefde vir God sterk is, is werklik ’n Sterk Verlosser! Dit is die krag van hierdie Verlosser wat in Jesaja 9 geprys word:

“Vir ons is ’n Seun gebore, vir ons is ’n Seun gegee; Hy sal heers, en genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevoers. ... Hy sal sy koninkryk vestig en instandhou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd.” (9 verse 5 en 6)

8. Dit is presies die tipe verlossing wat die Here vir ons bewerk het deur as mens op hierdie dag gebore te word. Deur sy geboorte uit die maagd Maria is die Heilige Allerhoogste God, ook vandag met ons ’n heilige mens in die hemel!

Deur Christus se geboorte as heilige mens maak hierdie Verlosser ons vir God heilig en regverdig. Heilig en regverdig, beskryf hoe werklike liefde soos god liefde bedoel, is. God se liefde vir ons en ons liefde vir God! Mense wat volgens God se liefde reg en volkome is en mense wie se liefde ook vir God reg en volkome is.

Christus doen dit deur as heilige mens, gebore uit die maagd Maria in ons plek die gestrafte sondige mens te word wat ons is, sodat ons saam met Christus vandag die heilige en regverdige mens te wees wat Hy ook in ons plek vir ons is.

Dit is hoe Christus regeer deur reg en geregtigheid! Hy laat ons deel in wie Hy as mens is en maak ons in hierdie deelname in wie Hy is, mense wat in die Lig leef.

- Omdat ons sy heiligheid en regverdigheid met Hom as mens in die hemel deel, kan ons sien dat ons donker sondige begeertes, sonde en nie liefdes is nie.
- Omdat God ons liefde vir Homself reg en volkome laat wees, en dit nie verwerp vir alles wat daarin verkeerd is nie, kan ons sien dat ons liefde goed en reg is! Kan ons oog sien liefde raaksien en kan ons daarom in die Lig van liefde leef.

9. Die kinders! Dit is hoekom ons die geboorte van die Here Jesus Kersdag noem en sy geboorte as Kersfees vier.

Hy maak dat mense wie se oog alles wat liefde is, donkerte maak en alles wat donkerte is as liefde raaksien,

weer die Lig kan raaksien!

Christus is die sterk Verlosser wat sterk sondaars sy sterk kinders maak

Hy bring die lig aan mense in duisternis en doodskaduwee omdat Hy hulle oog alles wat liefde is, donker maak, weer lig maak!

Dit is hoe sterk die Here se Verlossing is! Hy laat ons weer as geheiligde en geregverdigde mense, vergewe van alles sondestraf, liefde herken as liefde, liefde erken as goed en liefde erken as reg!

Hy laat alles wat ons begeer, voel en glo is die ware liefdes in ons lewe, sien as donkerte!

Daarom moet ons Jesaja 8 en 9 weer saam met Jesus as aankondiging van sy werk in Lukas 4 lees. Dit gaan oor die donkerte van mense wat God vervloek wanneer Hy hul laat swaarkry (Jes. 8: 21) omdat hulle in die lig wil leef van die gemompel en gefluister van gestorwe geeste. Oor die donkerte van mense wat nie in die lig van God se Woord wil leef. (Jes. 8:26) Dit gaan oor die donkerte en duisternis waarin mense gedryf is deur hulle eie sondige begeertes en afgodsdienste as lig te sien, wie se lig in hulle donkerte is. Kragtig in hulle blindheid, gevangenis, armoede en onderdrukking Mense wat donker kyk en donker leef binne die lig van God se goedheid.

10. Jesus is nie gebore as die held van swakkeling en patetie nie!

Ek wil u graag een so voorbeeld noem! Die persoon en lewe van Stephan Hawking. Hy is seker een van die beste wetenskaplikes op die ontstaan en werking van die kosmos. Op 21 het hy 'n verlamme siekte gekry wat hom bewegingloos in 'n rolstoel gekluister het met nog net 'n rekenaarstem. Met sy wetenskaplike insig kon hy diep geheime van die heelal bedink en ontrafel, maar hy het met 'n donker oog gekyk. Want hoe verder en meer hy van die kosmos gesien het, hoe meer het hy God se bestaan ontken.

Verlam sonder 'n stem, maar geen patetie nie. Kragtig en sterk as wetenskaplike na wie gesonde wetenskaplikes opkyk en navolg. Kragtig en berekend in sy drif om waar die lig van God is donkerte te skep.

Ons mag nie mense met siektes, gebreke en kwellinge voorhou as die swakkeling wat Christus voor die Sterk Verlosser is nie.

Al waarin mense pateties is, is hulle aanspreeklikheid vir wat hulle in en deur hulle sonde met die lewe, mense en die wêreld maak. Kragtig in hulle donkerte maar pateties wanneer die Lig van die Waarheid hulle tot aanspreeklikheid bring. Dit sien ons elke dag in ons land: kragtig en goddeloos wanneer hulle met hul oog wat donker maak alles verniel, pateties en verskonend wanneer die lig van die Here op hulle val om die aanspreeklikheid van hulle kragtigheid te ontduik.

Christus is die sterk Verlosser wat sterk sondaars sy sterk kinders maak

Dan soek sulke mense Jesus skielik as die Een wat die gevolge van hulle donkerte vir hulle moet verander, sonder dat hulle hul begeertes as die donkerte in hulle lewe wil ontdek.

12. Jesus is die sterk Verlosser vir sy volk, hulle wat Hy verlos om nie die donkerte van hulle begeertes meer as hul liefdes te glo nie en nie meer die lig van liefde as donkerte raak te sien nie.

Hierin is die Here ook God wat ons van ons en ons kinders sal red uit die hand van ons vyande!

Wie is ons vyande? Hulle wie se oog donkerte is!

- Wanneer 'n ouer na sy kind kyk en die donkerte van sy eie begeertes vir sy kind as sy liefde glo, dan is so ouer kinders se vyand!
- Wanneer 'n eggenoot na sy mede-eggenoot kyk en die donkerte van sy of haar eie begeertes as die lig in hulle verhouding ervaar, dan is so eggenoot die vyand!
- Wanneer 'n geestelike na mense kyk en hulle sien in die donkerte van sy geestelike magsdrome en visioene, is so 'n geestelike die kerk se vyand!
- Wanneer 'n leier van die land na ons as burgers kyk, en sy oog sien die donkerte van sy eie begeertes vir en met ons, dan is hy die kerk se vyand.

Met Kersdag leef ons in die belofte van die Here dat Hy ons uit die hand van ons vyande sal red! So maak die Here die belofte waar van die Christus wat sy kerk sal regeer deur reg en geregtigheid!

Hoe red Hy ons van hierdie vyande?

Eerstens deur ons vir die diens te behou en nie ons oor te gee om te wees wat ander met hulle donker oog ons voor raaksien nie. Hy hou ons behoue in dit wat hierdie wêreld as donkerte is vir 'n onbevreesde liefde in sy diens.

Die Here laat ons die mense wees wat in sy diens om vreesloos liefhet: heilig en regverdig vir God se diens! Hy laat ons nie die mense wees en word wat ander mense met hulle donker oog ons voor raaksien nie.

Tweedens maak die Here ons oog lig. Terwyl ander ons wil raaksien en opeis vir hulle sondige begeertes, glo ons ons is vir die Here heilig en reg en sien ons die Lig raak om God en en ons naaste lief te hê.

Christus maak dat ons in 'n wêreld wat donker is en doodsb bedreigend is weens die oog waarmee goddeloses na ons kyk, 'n wêreld is waarin ons die Lig sien – ons kan

Christus is die sterk Verlosser wat sterk sondebaars sy sterk kinders maak

en wil God en ons naaste liefhê. En omdat ons oog die lig sien kan ons in hierdie donker land en donker lewe op die pad van vrede loop – Ek is wie God my laat wees, heilig en regverdig vir en in my liefde vir God en my naaste. Ek is nie die mens wat goddeloses met hul donker oog raaksien en glo ek is nie.

13. Kom ons vertrou die Here as die Sterk Verlosser van die volk van die Here! Hy is nie swakkeeling se heldefiguur nie en ook nie 'n God wat sterk mense breek nie. Hy maak sterk sondebaars, sy sterk kinders om God onbevrees te dien in heiligheid en geregtigheid!

Hy sal ons en ons kinders wat sterk is in ons sonde, sterk is in die neiging om liefde donker te maak en die donker van ons begeertes lig te maak,

- verlos sodat ons in die Lig kan leef, verenig met die Here wat met ons mens is.
- Verlos om liefde as liefde te ken en ons onbevrees aan hierdie liefde tot God te verbind.
- Verlos sodat ons die donkerte van ons eie begeertes as sonde sal erken en nie daarin die lig te sien van wie ek graag in my sonde wil wees nie.

'n Sterk Verlosser het Hy vir ons laat opstaan uit die huis van sy Dienaar Dawid, daarom sal die Een wat gebore word, heilig genoem word!